Sommige diere het pelse… ander het skubbe.
Slegs voëls het vere.

Vere het wonderlike gebruike…

- Hulle hou die voël warm.
- Hulle is waterbestand (soos 'n reënjas).
- Die langer, sterker vere op die vlerke word gebruik om te vlieg.

  Alhoewel henne nie lang afstande vlieg nie, vlieg hulle wel in die takke van bome om in die nag te slaap, as hulle die kans kry.
- Vere kan 'n voël help om homself te kamoefleer (beskerm teen roofdiere).
- Sommige voëls gebruik hul verekleed (soos die pou) om te wys hoe mooi hulle is, veral as hulle na 'n maat soek.

Help vir Appelliefie om mooi lyk …



… en trots met haar veertjies te spog



HOE MAAK MENS...

1. Druk die prent uit op 200g wit karton.
2. Kleur Appelliefie in — wees kreatief!
3. Sny die prent uit op die stippellyn.
4. Sny ‘n gleufie deur elk van die middelste gedeeltes van die eierhouer en druk Appelliefie daarin om regop te staan.

WENKE...

1. Versier haar met veertjies. Plak eers die klein sagte donsvere op haar lyf. Dit is die vere wat haar warm hou. Die langer, sterker vere kom volgende. Sy het dit nodig om te flap en te vlieg.
2. Gebruik 15mm *craft* ogies.
3. Gebruik 250g karton OF druk 2 van die prente uit (een ‘n spieëlbeeld) en plak hulle teen mekaar om ‘n stewige hennetjie te maak.
4. Kleur die eierhouer met *craft* verf.
5. Stuur vir ons ‘n foto van jou mooi Appelliefie om op ons webwerf te laai

info@caringclassrooms.co.za